

DIE BYBEL

**- Die Mees-gelese
Boek op Aarde**

deur Sendeling

Ewald Frank

Inleiding tot God se Verlossingsplan

As een van die mees wydverspreidste boeke op aarde, neem die Bybel by verre die eerste plek in. Slegs tussen 1960 en 2010 was daar meer as 3,9 miljard eksemplare wêreldwyd verkoop. Volgens die Wêreld Vereniging van Bybelgenootskappe was die Bybel teen Januarie 2015 in 542 tale en dialekte vertaal. Die Bybel is die enigste boek wat ons inlig oor wat gebeur het van die begin van tyd af en verder ook wat sal gebeur tot aan die einde daarvan. Daarin is die hele geskiedenis van die mensdom reeds vooraf neergeskrywe. Ook wat nou gebeur is vooruit voorspel in Bybelse profesieë van die Ou en Nuwe Testament.

Hierdie uiteensetting oor die Bybel word gerig aan alle welwillende mense uit alle volke en tale regoor die hele wêreld. Benewens die ses groot wêreld-godsdiens: Judaïsme, Christendom, Islam, Taoïsme, Boeddhisme en Hindoeïsme, brei sommige mense die nommer uit tot twaalf wêreld-godsdiens. Dit is te verstane dat almal aanspraak maak dat hul godsdiens die regte een is. Dan is daar nog die baie natuur- en stam-godsdiens. Almal is oortuig daarvan dat hulle op die regte pad is en dat hulle die regte geloof het. Kan daar 'n regte geloof na vore gekom het met die verloop van tyd wat sy ontstaan terugwerkend uit 'n sterflike mens het? Natuurlik is die basiese persoonlike oortuiging en menswaardigheid van enige mens onaantasbaar, omdat elke persoon die reg het om te glo in wat hy goeddink. Maar dit is ook waar dat elke godsdiens wat deur mens begin is, ontbreek sonder enige twyfel aan die finaliteit, die werklike absoluut. Die godsdienslike bewegings is net tydelik en, streng gesproke, net bestand in hierdie tydelike lewe. Elke filosofie en ideologie en ook die teologie het sy menslike beperkinge en op die ou einde laat dit die belangrikste vrae onbeantwoord.

Daar is dinge wat heeltemal buite ons vermoë is, maar wat opsigself finaal is. Dat die mens gescape is na die beeld van die Skepper, en toegerus is met kreatiewe vermoë, is een sulke voorbeeld. Deur die sondeval in die paradys, die gevolg van ongehoorsaamheid, was die mensdom egter geskei van die ewige gemeenskap wat hy gehad het met die ewige God en is oorgegee aan die dood; niks in hierdie lewe is so seker soos die dood nie.

Alle tydelike dinge het 'n begin en sal ook 'n einde het. Slegs dit wat nooit 'n begin gehad het nie, sal ook nooit eindig nie. Ons was nie met toegang tot die ewigheid in die wiegie geplaas nie. Ons geboorte hier op

aarde was ons toetred tot die tydige. As tydelike wesens het ons nie outomaties ewige lewe gekry nie; dit kan slegs aan ons gegee word deur die ewige God.

Die enigste boek wat tereg na verwys word as die Heilige Skrif en as God se Woord, is die Bybel. Tesame sal ons nou 'n paar belangrike aspekte van hierdie gewigtige tema ondersoek. Slegs daarin word vir ons alles berig vanaf die begin – met die ontstaan van die hemel en aarde – tot aan die einde van tyd en die hiernamaals.

Voordat ons verder gaan met wat die tydelike sal volg, sal ons die betreding van die ewige God na die tydelike terrein betraag. Eerstens sien ons God in die skepping. Die majestueuse skepping van die heelal is 'n feit en alle logies-denkende mense sal aflei dat dit die werk van 'n Skepper is. Die goddelike orde van alle lewende dinge in die water, op die aarde en in die lug, al die plante, al die bome, saai en oes, die lewe, die vermeerdering in die sigbare skepping – dít alles bestaan as 'n lewende self-getuie van die bestaan van die Skepper. Wat is die teorie van evolusie, byvoorbeeld, veronderstel om uit te rig teenoor die werklikheid van die Goddelike skepping? Dit is net 'n desperate poging om die skepping en die Skepper te ontken. Dis net 'n teorie, terwyl die skepping self die werklikheid is. Bewese feite spreek vanself. Tot op datum, word alles geproduseer volgens hul soorte, net soos die Skepper gesê het (Gen. 1:12). As die mens gehoor het van die almag en alom-teenwoordigheid van God, dan kan hy met geestelik ge-opende oë in die skepping sien.

Die mensdom is van die begin af en deurgans sy geskiedenis, vergesel van tragiese gebeure wat die geloof van baie herhaaldelik geskud het. Omdat die HERE van die hemel nog nie die aardse koninkryk opgeneem het nie, staan die ganse mensdom nog onder die invloed van en word regeer deur die owerste van hierdie wêreld van duisternis. Slegs wanneer die individu deur middel van 'n persoonlike ervaring van bekering tot die Verlosser, die invloed van die bese ontsnap, open hy die weg vir die goddelike invloed. In die 'Onse Vader' bid ons nog steeds: "Laat u koninkryk kom!" En dit sal beslis kom! Die tyd is naby. Die tekens van die tye dui daarop.

Vir Oriëntasie

Die Bybel, die Ou Testament, was eers geskryf in die Hebreeuse taal. Hebreeus was vir die eerste 1750 jaar die enigste taal op aarde, tot met die Toring van Babel (Gen. 11:6-7). In Genesis 14:13 word Abraham 'n "He-

breër" genoem. In Exodus 7:16 sê Moses aan Farao: "*Die HERE, die God van die Hebreërs, het my na u gestuur met die boodskap: Laat my volk trek, dat hulle My kan dien in die woestyn*". Die HERE Jesus het na Sy hemelvaart Hebreëus gepraat – dit is die getuienis van Paulus: "*En toe ons almal op die grond val, hoor ek 'n stem met my spreek en in die Hebreëuse taal sê: ...*" (Hand. 26:14). In die Hebreëuse taal het persoons- en plekname dikwels 'n betekenis wat nie altyd uitgedruk kan word in ander tale nie.

Die Ou Testament eindig met die profeet Maleagi, wie sowat 400 jaar voor Christus geleef het. Tot dan het die vyf boeke van Moses, die Profete en die Psalms bestaan in boekrolle. Eers vanaf die tydperk 300–200 v.C. was die 39 boeke van Ou Testament in sy geheel saamgevoeg. Maar die individuele boekrolle het ook bly voortbestaan. In Qumran by die Dooie See was die oudste bekende manuskripte van die Bybel gevind tussen 1947 en 1956, insluitende 'n 7.3m-lange, byna ongeskonde deel van die boek Jesaja, die Psalms en die boek Daniël. Dit word ten toon gestel in die "Heiligdom van die Boek" by die Israel-Museum in Jerusalem. Jesus, onse HERE en Redder, het in Lukas 24: 44–45 die drieledige verdeling in die wet van Moses, die Psalms en die Profete beklemtoon: "***... dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word***". Eenkeer het Hy in die sinagoge in Nasaret uit die boek van die profeet Jesaja (61:1) gelees en toe gesê: "***Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul***" (Luk. 4:16-21). Trouens, in dié tyd is meer as 'n honderd profesieë vanuit die Ou Testament vervul, wat behoort aan God se Heilsplan.

Die Hebreëuse Ou Testament vertaling is slegs sowat 250 v.C. in Alexandrië, Egipte, deur Joodse geleerdes in die destydse wêreldtaal, Grieks, vertaal. Maar die Hebreëuse Torah-geleerdes in Israel erken dit tot vandag toe nie en verwys daarna as die "Septuagint (LXX)" vertaling. Selfs uit daardie vroeë Hebreëuse teks het dikwels waardevolle en belangrike betekenis moeiteloos te voorskyn gekom, alhoewel dit vandag grotendeels nie meer herkenbaar vir die leser is nie. Daarom sal hierdie eksposisie, waar nodig, die oorspronklike betekenis aantoon, soos gevind word in die Hebreëuse teks. Maar selfs diegene wat verskeie tale praat, moet staatmaak op die leiding en openbaring van die Gees van God. Ons glo in die absolute inspirasie van die Heilige Skrif, wat op sigself gewettig word deur die volledige ooreenstemming van die Ou en Nuwe Testamente.

Die 27 boeke van die Nuwe Testament het destyds, gedurende die eerste Christelike eeue, bekend gestaan as die kanon – 'n riglyn. Lukas het inleidend uitgewys in sy evangelie, wat aanvanklik plaasgevind het: **"Aangesien baie onderneem het om 'n verhaal op te stel oor die dinge wat onder ons al vervul is ..."**. Van die baie het net vier oorgebly, nl., Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes, wie se rekords ingesluit is as "Evangelies" in die Bybelse kanon. Hulle was daartoe bestem om, wat in die lewe en werke van Jesus Christus gebeur het en aan die heilsgeskiedenis behoort, aan die komende geslagte na te laat. Elke evangelie het sy eie karakter. In hul diversiteit bied hulle 'n omvattende beeld van onse HERE en Saligmaker, vanaf Sy geboorte, tot met Sy hemelvaart.

Matthéüs lei bv. ter bewys daarvan, hoe dat daar met die geboorte van Christus die profesie uit Jesaja 7:14 vervul is: **"Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en Hom Emmánuel noem"** (Matt. 1: 18-25). In hoofstuk 2: 1-6 vertel dit van die geboorte in Bethlehem en word die vervulling van die belofte in Miga 5 beklemtoon: **"En jy, Bethlehem ... uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees"**.

Markus begin met beide die ou-testamentiese profesieë wat gaan oor die bediening van Johannes die Doper, naamlik Jesaja 40:3, **"... die stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die HERE..."** en Maleági 3:1, **"Kyk, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan ..."**.

Lukas vertel vir ons in die heel eerste hoofstuk terselfdertyd van die besoek van die engel Gabriël aan Zacharias in die tempel, om aan hom die geboorte van Johannes die Doper vooruit te spreek, en van die besoek van die engel Gabriël aan Maria, om aan haar die geboorte van die Verlosser aan te kondig: **"En die engel sê vir haar: Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind! En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus (Heb.: Jahshua) noem"**.

Johannes het terug gegaan na heel in die begin en getuig: **"In die begin was die Woord ..." (Joh. 1:1). "... En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon ..." (vers 14).**

Slegs deur al vier Evangelies te lees, kry 'n mens 'n oorsig van die lewe en werk, van die diens, die lyding, dood, opstanding en hemelvaart van ons Verlosser, as die hoogtepunt van die heilsgeskiedenis, soos dit alreeds bekend gemaak is in die Ou Testament.

Die Evangelies word gevolg deur die "Handelinge" van die eerste gemeentes, dan die apostelsbriewe en, ten slotte, die "Openbaring van Je-

sus Christus", wat die apostel Johannes op die Griekse eiland Patmos ontvang het.

Eers was die Evangelies en ook die briewe van die apostels in die plaaslike gemeentes gelees en verder versprei: *"... en wanneer hierdie brief by julle gelees is, sorg dat dit ook in die gemeente van die Laodicense gelees word en dat julle ook dié uit Laodicéa lees"* (Kol. 4:16). Die preke het die hele wêreld ingegaan, soos die HERE dit in die Groot Opdrag beveel het.

Voor die uitvinding van die moderne drukpers in die 15de eeu, was die tekste met die hand oorgeskryf. Met die vertalings in ander tale, het die verdeling in hoofstukke gekom en later die vers-indeling. Weereens moet beklemtoon word dat dit nie die vergelyking van die baie vertalings – so waardevol soos hulle mag wees – wat vir ons duidelikheid bring nie; slegs die Gees van God kan werklik die dieptes van God ondersoek (1Kor. 2:10) en in die hele waarheid lei (Joh. 16:13). Die letter, die geskrewe woord, moet aan ons openbaar gemaak word as die lewendige woord. Die Woord van God bly tot in ewigheid (1Pet. 1:25; Jes. 40:8).

Wie werklik glo, laat God se bevestigde Woord geld

Ons vra, en God antwoord deur Sy Woord: Wat sê God vir ons deur die Ou Testament? Wat het God deur die Nuwe Testament vir ons gegee? Wat is die ware geloof en wat is die valse geloof? Is die gevestigde Christendom, met die baie kerke, die Gemeente van Jesus Christus?

Alles wat te doen het met hierdie tema, is alom bekend – dat die beloftes wat in die Ou Testament gegee was, in die heilsverloop van die Nuwe Testamentiese bedeling vervul word. Dit is ook bekend dat die Heilige Skrif op verskillende maniere binne die Christendom geïnterpreteer word. Dit begin reeds vanaf die eerste vers van die Bybel en eindig met die laaste.

Dit sal hier aangedui word dat God eintlik net in Sy oorspronklike Woord is en daardeur met ons praat. Ook, hoe die vyand, as 'n teenstander van God, ingesluit het en deur interpretasies die mense op godsdienstige wyse mislei het. Hy is die eerste verdraaier van die Woord van God wat, soos gerapporteer word in Génesis 3, met die argument voor Eva gestaan het: *"Is dit ook so dat God gesê het ...?"*. Daarmee het hy twyfel gesaai en so die val en skeiding van God af veroorsaak. Tot vandag nog bevraagteken hy wat God sê en gee sy eie interpretasies daarvan. Hy beïnvloed oral waar hy kan – selfs in die teologiese gestoeltes –

en voed die intellek van die wysgieriges, diegene wat daarvan hou om te eet van die boom van kennis, alhoewel dit nog altyd net tot geestelike dood gelei het.

God/Elohim – HERE/JAHWEH **Waardevolle Vergelykings**

Die Septuagint vertaal die Hebreeuse woord "Elohim", wat vanaf Génesis 1:1 tot 'n totaal van 3526 keer verskyn en in ons bybels met "God" vervang is, as "Theos". Die woord "JAHWEH"/JHWH, wat vanaf Génesis 2:4 tot 4024 keer geskryf is, en in ons bybels as "HERE" geskryf staan, is as "Kyrios" vertaal. Verder is die woordverbinding "Elohim-JAHWEH" ("die HERE God"), 6356 keer in die Bybel.

Elke Hebreër was en is dit eens dat met "Elohim" die enige en enigste God, die Skepper van hemel en aarde bedoel word. Hy het Homself alreeds in die Ou Testament as "die enigste" voorgestel, die EK IS. Hy, die ewige Een, bestaan nie in 'n pluraliteit van persone nie, maar Hy openbaar Homself wel in die veelvuldigheid van Sy manifestasies (Teofanies) as Skepper, Onderhouer, Verlosser, Koning, Regter, ens. Dit is nie name nie, maar persoonlike God-verwante eienskappe. God heet nie "Skepper" nie, Hy *is* Skepper. Hy heet nie "Koning" nie, Hy *is* Koning. Hy heet nie "Regter" nie, Hy *is* Regter. Hy heet nie "Redder" nie, Hy *is* Redder, ens. – en tog is Hy altyd **dieselfde**.

Net 'n paar voorbeelde: In Génesis 14:19 kom Hy voor as "**El Elyon**" – die allerhoogste God: "... Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste (*El Elyon*), skepper van hemel en aarde"

In Génesis 17:1 verskyn Hy aan Abraham as "**El Shaddai**" – as Almagtige God: "... Ek is God, die Almagtige – **El Shaddai**; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees".

In Génesis 21:33 staan "**El Olam**" – die ewige God: "... en hy (*Abraham*) het ... daar die Naam van die *HERE*, die ewige God – **El Olam**, aangeroep".

In Jesaja 9: 5-6 vind ons die belofte van die geboorte van die Seun: "... en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God – **El Gibbor**, Ewige Vader, Vredevors ...".

Alle Hebreeuse woorde wat begin met **El-** of eindig met **-el**, getuig van God. Net so verwys al die woorde wat begin met **Jah-** of eindig met **-jah**, na JAHWEH, die HERE. Dit is absoluut belangrik en sluit alle interpretasies

uit. So beteken, byvoorbeeld, "**Immanu-el**", "God met ons"; "**Isra-el**" = "Stryder van God"; "**Bet-el**" = "Huis van God"; "**Dani-el**" = "God is Regter"; "**Eli-Jah**" = "Die HERE is God"; "**Jesa-Jah**" = "Die HERE is Redder", "**Hallelu-Jah**" = "Prys die HERE", ens.

Die Heilige **Verbondsnaam "JAHWEH"**, soos dit in die oorspronklike Hebreëus staan, is van besondere belang. Soos reeds genoem, was "Elohim" vertaal as "Theos" en "JAHWEH" as "Kyrios". Dit stem nie heeltemal ooreen met die oorspronklike betekenis nie. Kyrios is 'n heerser – wat 'n koning of 'n soort van gebieder kan wees – **maar dit gee nie heeltemal uitdrukking aan die openbaring van God se naam nie**, soos Exodus 6:1-2 getuig: *"Verder het God (Elohim) met Moses gespreek en vir hom gesê: Ek is die HERE (JAHWEH). En Ek het aan Abraham, aan Isak en aan Jakob verskyn as God, die Almagtige (El Shaddai), maar met my Naam 'God die HERE' (Elohim-JAHWEH) het Ek My nie aan hulle bekend gemaak nie"*.

Die naam "JHWH", ook bekend as 'n *Tetragram*, is in die Ou Testament **geopenbaar as die heilige Verbondsnaam "die HERE God"**. Die verbond met Israel was op hande, en daarom het God die HERE aan Sy profeet Moses en Sy verbondsvolk Israel **Sy verbondsnaam "JHWH" (JAHWEH) geopenbaar**.

In die gebooe (Ex. 20) het die Almagtige gesê: *"Jy mag die Naam van die HERE (JAHWEH) jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE (JAHWEH) sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie"*. Hierdie naam van God was so heilig dat Hy wou hê dat dit geheilig moes word deur Sy volk Israel. Die naam van die HERE God moes nie uitgespreek word, byvoorbeeld wanneer 'n dooie uit die huis uitgedra word nie (Am. 6:10): *"... Bly stil, want dit is nie gepas om die Naam van die HERE (JAHWEH) te vermeld nie"* – God is nie 'n God van die dooies nie maar van die lewendes (Matt. 22:32). Maar hierdie gedeelte van die profeet Amos was misverstaan en geïnterpreteer sodat die verbondsnaam van God die HERE (JAHWEH) tot vandag toe nie uitgespreek word deur die Ortodokse Jode nie, maar vervang is met "Adonai". Die Hebreëuse woord Adon beteken "Koning", "Heerser", ook bekend as "Gebieder". Sarah het Abraham "Adon" genoem (Gen. 18:12; 1Pet. 3:6). **Maar Elohim-JAHWEH (die HERE God) is nie net Koning nie; Hy is "die HERE", die "EK IS", "die Self-bestaande"** (Ex. 3:14; Ex. 34: 5-6 o.a.). **"JAHWEH" word uitdruklik geopenbaar as die verbonds- en verlossingsnaam van God in die Ou Testament.**

In die volgende sewe benaminge word die hele verlossingsplan van God bevat: "**JAHWEH-Jireh**" beteken "die HERE sal vir Homself 'n slagoffer kies" (Gen. 22: 1-14), "**JAHWEH-Rapha**" = "die HERE genees" (Ex. 15:26), "**JAHWEH-Nissi**" = "die HERE is my banier" (Ex. 17:15), "**JAHWEH-Shalom**" = "die HERE is my vrede" (Rig. 6:24), "**JAHWEH-Tsidkenu**" = "die HERE ons geregtigheid" (Jer. 23:6), "**JAHWEH-Shammah**" = "die HERE is teenwoordig" (Ese. 48:35), "**JAHWEH-Sabaoth**" = "die HERE van die leërskare" (1Sam. 1:3).

Elohim/God, die onsigbare, wat in wese Gees is (Joh. 4:24), is deur niemand gesien nie (Joh. 1:18; 1Joh. 4:12); Hy was in die ewigheid in Sy volheid van Gees, Lig en Lewe versteek (1Tim. 1:17). Aan die begin van tyd het Hy Homself as JAHWEH (HERE) geopenbaar – in 'n sigbare vorm. Hy het deur Sy almagswoord alles in die natuurlike en bonatuurlike skepping tot stand gebring en in die Paradys gewandel.

Die eerste "geloofsbelofenis" wat in die Skrif vir ons oorgebly het as die "**Sch'mah Israel**", spruit uit die mond van God die HERE, Homself. Die HERE het bevelend gesê: "**Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE!**" (Deut. 6: 4-9). In Markus 12:29 bevestig onse HERE en Saligmaker dit uit Sy eie mond: "**Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE**".

Die oorspronklike credo lui:

JAHWEH Elohim JAHWEH Echat – JAHWEH/die HERE is onse God, JAHWEH/die HERE is EEN!

Dit getuig van die ware geloof in die een ware God. Alhoewel Hy Homself openbaar op menigvuldige maniere, naamlik as Skepper, Verlosser, Koning, Regter, ens., **bly Hy tog die Ewige een**; buiten Hom is daar geen ander. "**EK is die HERE, en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie ...**" (Jes. 45: 5-6). "**EK is die HERE jou God ... Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie**" (Ex. 20: 2-3).

Die verwesenliking van God se plan in die Nuwe Testament

Ter verwerkliking van Sy ewige Heilsplan met die mensdom, was God aan die begin van die Nuwe Testament as Vader in die Seun en deur die Heilige Gees in Jesus Christus (Hebreeus: "Jahshua Mashiach"), die God-gesalfde, ge-openbaar. Die Nuwe Testament Verbondsnaam "*Jahshua*" is afgelei van die Ou Testament Naam "**JAHWEH**" en daarin vasgelê. Die Hebreeuse woord *yasha* beteken "red" (Ex. 14:30). Ons nodig net Joël 2:32,

wat sê: ***"En elkeen wat die naam van die HERE (JAHWEH) aanroep, sal gered word"*** te vergelyk met Handeling 2:21: ***"En elkeen wat die naam van die HERE (Jahshua) aanroep, sal gered word"***. ***"Want elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered word"*** (Rom. 10:13). JAHWEH van die Ou Testament is Jahshua van die Nuwe Testament. In die Hebreeuse teks staan: ***"... en jy moet Hom Jahshua noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos (Yasha)"*** (Matt. 1:21). ***Jahshua beteken "JAHWEH-Redder"***. Ongelukkig was hierdie Nuwe Testament Verbondsnaam waarin God as Vader in die Seun aan ons geopenbaar word, met sy heilsbetekenis, nie altyd erken nie.

Dit verg 'n openbaring deur die Gees van God om die onverstaanbare en onverklaarbare verborgenhede, waarin ons ingesluit was, te erken. Eers is die volgende van toepassing op almal: ***"Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word"***. Die apostel kan getuig: ***"Maar ons God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God"*** (1Kor. 2: 10-15).

Voordat die Verlosser Sy sending kon vervul om ons te verlos, moes Hy eers in die wêreld gebore word as Seun in 'n liggaam van vlees:

"Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet" (Gal. 4: 4).

"Die geboorte van Jesus Christus was dan só: ... voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit die Heilige Gees" (Matt. 1:18).

"... want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees" (Matt. 1:20).

"En dit het alles gebeur, sodat die woord vervul sou word wat die HERE deur die profeet gespreek het: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Immánuel noem; dit is, as dit vertaal word: 'God met ons'" (Matt. 1: 22-25; Jes. 7:14).

"En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom sal ook die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word" (Luk. 1: 26-38).

Die getuienis van die Heilige Gees gevulde Elizabeth: ***"En wat het my oorgekom, dat die moeder van my HERE na my toe kom?"*** (Luk. 1:43) – nie "die moeder van God" nie.

Heel duidelik word ons vertel van die geboorte van die Seun van God. So het die engel verklaar aan die herders in die veld: "**... dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die HERE, is**" (Luk. 2:11).

In die Woord van God vind ons dat ons HERE en Verlosser met die vier betekenisvolle "Seun titels" beskryf word: as *Seun van Abraham, Seun van Dawid, Seun van God en Seun van die Mens*.

As **Seun van Abraham** (Matt. 1:1) is Hy "*die erfgenaam van die wêreld*" (Rom. 4:13) – en die verlostes is, erfgename van God en tot mede-erfgename van Jesus Christus bestem (Rom. 8:17).

As die **Seun van Dawid** (Matt. 1:1b) is Hy "*die koning*" (Luk. 1:32; Joh. 18:37) – En die verlostes is daartoe bestem om die koninkryk saam met Hom te deel (Openb. 5:10).

As **Seun van die Mens** is Hy "*die Profeet*" wie Moses reeds voorspel het (Deut. 18: 15-19), soos Petrus in Handeling 3: 22-24 beklemtoon: "*... en elke siel wat nie na dié profeet luister nie, sal uit die volk geroei word*".

As **Seun van God**, is Hy "die Verlosser" deur Wie die gelowiges die aan-neming as seuns en dogters van God ontvang; "**... sodat ons die aan-neming tot kinders kan ontvang**" (Gal. 4: 4-9).

Die apostel skryf daarvoor die volgende: "*Paulus, 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God – wat Hy tevore beloof het deur sy profete in die heilige Skrifte, aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid en na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode, Jesus Christus, onse HERE, deur wie ons genade en die apostelskap ontvang het om geloofsgehoorsaamheid te verkry onder al die heidene terwille van sy Naam ...*" (Rom. 1: 1-5).

In die vlees het die Seun van God, Jesus Christus, gekom in die geslag van Dawid (Matt. 1: 1-17; Luk. 3: 23-38) en het ons versoen "**in die liggaam van sy vlees deur die dood, om julle heilig en sonder gebrek en onberispelik voor Hom te stel**" (Kol. 1:22). "**In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade**" (Efé 1:7). Deur Sy soendood het Hy ons versoening gegee met God: "**naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou**" (2Kor 5: 14-21). Hy het gesterf, "**... sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag**

oor die dood het – dit is die duiwel" (Heb. 2:14). Deur Sy opstanding, is die oorwinning oor die dood aan ons gegee en is onsterflikheid aan ons geskenk.

"Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens ... want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het ... En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom on-derwerp het, sodat God in alles en almal kan wees" (1Kor. 15: 21, 25, 28).

Al die verlostes sal dit ervaar by die wederkoms van die HERE: **"... Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is ..."**, dan sal die verlostes uitroep: **"Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning? ... Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse HERE Jesus Christus"** (1Kor. 15: 51-57). Amen.

Nooit het die een God Homself in "drie ewige" of "drie almagtige" persone opverdeel nie. Ook is daar nêrens in die geskifte van 'n "drie-enige" God in 'n "drie-eenheid" of van 'n "twee-eenheid" nie – net dat die Vader in die Seun vir ons heil geopenbaar was. Die Nuwe Testament getuig ook net van **die een en enigste God**: **"... en die eer wat van die enige God kom ..."** (Joh. 5:44); **"... Die enige waaragtige God ..."** (Joh. 17:3); **"... aangesien dit inderdaad een God is ..."** (Rom 3:30); **"... Maar God is een"** (Gal 3:20); **"... Die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God ..."** (1Tim. 1:17); **"Want daar is een God ..."** (1Tim. 2:5). **"Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde, sê die HERE, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige"** (Openb. 1:8).

Die ware, alles-insluitende geloofsbelydenis van die apostels, staan slegs in die Bybel en is vasgelê vir die hele gemeente van die HERE: **"een HERE, een geloof, een doop, een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is"** (Efé 4: 5-6).

"En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlijkheid" (1Tim. 3:16).

In Sy menswording volgens die Verlossingsplan, word die HERE as die **Verlosser** in Sy opdrag naas God getoon.

Hy is **Middelaar**: "*Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus*" (1Tim. 2:5);

Ook **Voorspraakmaker**: "*My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige*" (1Joh. 2:1);

en **Hoëpriester**: "*Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing te-weegbring*" (Heb. 9: 11-12).

Dit is Lonend om Daaroor na te Dink

In die 4,000 jaar vanaf Adam tot Christus het niemand gepraat met 'n Vader in die hemel nie – nie Abraham, Moses of enige van die profete nie – beslis nog minder met 'n Seun van God. Daar was ook geen gesprekke tussen Vader en Seun in die hemel nie. Later het mense, deur misverstande, trinitariese vertolkings in die Skrif gemaak, byvoorbeeld, waar dit sê: "**Laat Ons mense maak ...**" (Gen. 1:26). Ook in Génesis 11:7, waar die HERE sê: "**Kom, laat Ons neerdaal en hulle taal daar verwar, so dat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie**".

Die HERE God het nie met Homself gepraat nie, nog minder met 'n ander goddelike persoon, maar met die engele wat rondom hom is. Ons vind herhaaldelik bevestiging hiervan, soos in 2 Kronieke 18 verse 18-22, waar die HERE 'n gesprek met die hemelse leërskaare aan sy regter- en linkerhand voer. In Jesaja 6 verse 1-13 sê die HERE aan die serafs wat Hom omring: "**Wie sal Ek stuur? En wie sal vir ons gaan**" (vers 8). Hy het vir Job gevra: "*Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het? ... toe die môre-sterre saam gejubel en al die seuns van God verheug het?*" (Job 38: 4+7).

Die HERE het aan ons gelyk geword toe Hy as Seun van God in 'n menslike liggaam gekom het: "*... maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem, en aan die mense gelyk geword*" (Fil. 2:7) en Sy bloed vir die vergifnis van ons sondes gestort: "*... want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot*

vergifnis van sondes" (Matt. 26:28). Hy het die Nuwe Verbond met ons gesluit en ons erfenis as kinders bevestig: **"... En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur"** (Gal. 4: 4-7).

Dit is goed om te weet dat die HERE/JAHWEH van die Ou Testament, dieselfde HERE/JAHSHUA in die Nuwe Testament is. Beginnende in die tuin van Eden, het die onsigbare, die ewige God Homself regdeur die Ou Testament in 'n sigbare vorm bekend gemaak as HERE. In die geselskap van twee engele het Hy Abraham besoek: **"Daarna het die HERE aan hom verskyn by die terpentynbome van Mamre ... toe hy sy oë opslaan en kyk, staan daar drie manne voor hom ..."** (Gen. 18: 1-2). Die HERE het by Abraham vertoef (v. 17), terwyl die twee engele na Sodom gegaan het (hfst 19). Jakob het hom gesien bo-aan die leer wat uitgestrek was na die hemel: **"... En kyk, die HERE het bo-aan gestaan en gesê: Ek is die HERE, die God van jou vader Abraham en die God van Isak. die land waar jy op lê en slaap, sal Ek aan jou en jou nageslag gee"** (Gen. 28: 12-15). By Moses verskyn Hy in die brandende bos (Ex. 3) en dan onthul Hy Homself aan die hele volk van Israel in die wolk en vuurkolom (Ex. 40: 34-38). Met Moses het die HERE selfs van aangesig tot aangesig gespreek (Deut. 34:10). Die profeet Miga het die HERE op die troon gesien (1Kon. 22:19), asook die profeet Jesaja (Jes. 6). Die apostel Johannes het hom ook op die troon gesien: **"... en kyk, daar staan 'n troon in die hemel en EEN sit op die troon"** (Openb. 4:2). Dit was nie 'n tweede persoon nie, maar God, wie eintlik Gees is, as HERE in 'n sigbare vorm.

In die Nuwe Testament het God Homself as Vader in die hemel in Sy eniggebore Seun op aarde geopenbaar. As Seun het Hy gesê: **"Ek het van die Vader uitgegaan ..."** en die dissipels het geantwoord : **"... Daarom glo ons dat U van God uitgegaan het"** (Joh. 16: 28-30). Nadat Hy sy reddingswerk voltooi het, het Hy as die Seun van die Mens gaan sit aan die regterhand van God (Matt. 26: 63-64): **"... Ek vaar op na my Vader en julle Vader ..."** (Joh. 20:17). Reeds in Psalm 110:1 was dit al voorspel: **"Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete"** (Matt. 26:64; Luk. 22:69; sien ook Heb. 1:13; Heb. 2: 7-8, o.a.). As HERE – nie as Seun nie – kon Hy sê: **"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek"** (Joh. 8:58).

Die EK IS praat in die Ou en Nuwe Testament:

"EK IS die HERE, julle Heilige; die Skepper van Israel, julle Koning" (Jes. 43:15).

"EK, EK IS dit wat jou oortredinge uitdelg om My ontwil, en aan jou sondes dink Ek nie" (Jes. 43:25). "Luister na My, o Jakob, en Israel, wat Ek geroep het, dit IS EK; EK IS die Eerste, ook IS EK die Laaste" (Jes. 48:12)

"Pilatus sê toe vir Hom: Is U dan tog 'n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor IS EK gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem" (Joh. 18:37).

Die woorde "EK IS" vind ons herhaaldelik in die evangelie van Johannes: **"EK IS die Brood van die Lewe. EK IS die Lig van die wêreld; EK IS die Goeie Herder; EK IS die Opstanding; EK IS die Weg en die Waarheid en die Lewe".**

"EK IS die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die HERE, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige" (Openb. 1:8).

"EK IS die Alfa en die Oméga, die Begin en die Einde, die Eerste en die Laaste" (Openb. 22:13).

'n Noodsaaklike Vergelyking

Die Ou en die Nuwe Testamente is heeltemal in harmonie oor die getuie-nis van ons Verlosser, Jesus Christus. In kontras daarmee vind ons die kategimus en baie ander teologiese handboeke oor die geloofs-belydenis, geformuleer deur mense. Die apostel Johannes het duidelik gesê: **"Hier-aan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God; en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld"** (1Joh. 4: 2-3). Met betrekking tot die belydenis van Christus, die Seun, kom hy tot die punt en vra: **"Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus (= die Godgesalfde) is? Dit is die Antichris wat die Vader en die Seun loën"** (1Joh. 2:22). Die woord "anti" beteken "teenoorgestelde", "in plaas van", "strydig met". Daar word gepraat van *die gees van die Antichris*, naamlik, die gees wat in teenstelling met Christus werk. Dan is daar die *Antichris*, wat onder die invloed van daardie verkeerde gees is. **Elke leerstelling wat in teenstelling is met wat die Gees van God verkondig oor die leer van Christus in die Bybel, is anti-Christelik, d.w.s., is gemik teen Chris-tus en skei ons van God – die boom van die lewe** (Openb. 22:19).

Let op die Apostoliese waarskuwing dat elke gees wat nie Jesus Christus bybels bely nie, d.w.s., as die Seun wat in die vlees verskyn het, is nie uit God nie. So dan ontstaan die vraag: **Wat van almal wat die Seun, wie se maagdelike geboorte in Jesaja 7:14 aangekondig was, gebore in Bethlehem soos in Miga 5 vers 1 voorspel was (Matt. 2:5), bely as 'n tweede, ewige persoon van die Godheid, waarvan die Bybel absoluut niks weet nie?** Die apostel Johannes het beklemtoon: "... *elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie* (soos in die Heilige Skrif getuig word) *is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris ...*" (1Joh. 4).

Die formulering van die kerke se geloofsbelydenisse, soos opgetrek in Nicea in 325 n.C. en verder uitgebrei is in Konstantinopel in 381 n.C., stem nie ooreen met die getuienis van die Heilige Skrif nie. Dit sê byvoorbeeld: "... **die eniggebore Seun van God, in ewigheid gebore uit die Vader, God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een wese met die Vader**". Dit word veronderstel dat die Seun gebore was as God vanuit die Vader in die Hemel, voor die begin van tyd, m.a.w., in die ewigheid? Dit stem absoluut nie ooreen nie!

Dus kan dit onmoontlik Christus, die Seun, die gesalfde, bedoel. Intendeel sê die Skrif in Psalm 2 vers 7: "***U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer***". Die ewigheid het nie vandag en môre nie; dit was altyd en sal onbeperk voort duur. Die engel Gabriël het uit die hemel neergedaal en **die geboorte van die Seun op aarde, aangekondig**. Hy het aan die maagd Maria gesê: "***En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus (Jahshua) noem***" (Luk. 1:31).

Die belydenis "**die Vader is God, die Seun is God en die Heilige Gees is God; die Vader is ewig, die Seun is ewig, en die Heilige Gees is ewig**" is heeltemal onbybels, anti-christelik en eintlik ongoddelik. Daar is net een ewige God: "***... ja, van ewigheid tot ewigheid is U God***" (Ps. 90:2). **Die terme "God die Seun" of "ewige Seun" vind ons nie 'n enkele keer in die Bybel nie, so ook nie "God die Heilige Gees" nie.** Daar staan net: *die Seun van God* en *die Heilige Gees*. Die Heilige Gees is nie 'n derde persoon nie, maar dit is die Gees van God, wat in die begin oor die waters gesweef het (Gen. 1) en wat 378 keer "Ruach JAHWEH" genoem word in die Bybel en op die Nuwe Testamentiese Gemeente op Pinksterdag uitgestort was (Hand. 2). Dit was eers in 381 n.C., in die Raad van Konstantinopel dat die Heilige Gees verklaar is as die derde persoon in die Godheid. Die sogenaamde "Apostoliese Geloofsbelydenis" is glad nie apostolies nie en nog minder bybels. **Slegs dit wat van die**

apostels afkomstig is, is apostolies, en slegs dit wat in die bybel staan, is Bybels: "... tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een HERE Jesus Christus, deur wie alles is, en ons deur Hom" (1Kor. 8:6). **Die EEN God het Homself as HERE – die Vader in die Seun geopenbaar.**

Dit is van geen nut vir enige kerk, om in hul belydenis die woorde van Efésiërs 4 vers 5: "*een HERE, een geloof, een doop*" te beklemtoon, wanneer 'n heel ander HERE, 'n heeltemal ander geloof en 'n ander doop as wat die Heilige Skrif getuig, onderrig en beoefen word nie.

Die teologiese geskille in die derde eeu n.C. het dus ontstaan as gevolg daarvan dat die menslike verstand probeer het om die Godheid verstaanbaar te maak en die openbaring van die Vader in die Seun te verduidelik, selfs al is daar geskrywe: "***En niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar***" (Matt. 11: 25-27; Luk. 10: 21-22). Die apostels en profete het nooit die Godheid onderwerp bespreek nie, want wat die HERE vir Petrus gesê het was ook op hulle toepaslik: "***... vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is ...***" (Matt. 16: 16-19).

Die ware geloofsbelydenis van die een ware Gemeente van God, wat op sigself 'n pilaar en grondslag van die waarheid is (1 Tim. 3:15), vind ons net in die Bybel. Slegs daarin word vertel wie Jesus Christus, die Seun van God is. **Die ewig-geldige, bybels-apostoliese geloofsbelydenis het God homself vasgelê.** Dit gaan tog immers alles oor die verlossing en die ewige lewe: "***En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie***" (1Joh. 5: 11-12).

Dit is 'n heils-ervaring dat elkeen persoonlik genade kan belewe: "***Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo***" (Joh. 1:12).

"En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe" (1Joh. 5:20). Amen, ja, Amen!

Vir die ware Gemeente van Jesus Christus, wat nie 'n organisasie is nie, maar 'n lewende organisme, geld uitsluitlik die bybelse lering, soos dit

geskrywe staan in die Skrif. In dit kan slegs geglo en geleer word wat ingestel is in die ewige testament, omdat dit nie verander mag word nie en daar moet ook nie bygevoeg word nie (Gal. 3:15; Openb. 22: 18-21).

"Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!" (Gal. 1:8)

Wie soos die apostels Petrus, Johannes, Jakobus en soos Paulus, 'n direkte goddelike roeping ontvang het, kan en sal uitsluitlik vir God en God se Woord optree. So ook almal wat in diens van 'n kerk is, bevorder wat daar geglo, geleer en beoefen word: Dit is, byvoorbeeld, geloofsbelydnisse en dogmas wat besluit was in die rade en sinodes sedert die 4de eeu n.C.. Sels ná die hervorming het al die nuutgestigte Christelike denominasies se leringe ook nie altyd ooreengestem met dié wat in die Bybel vasgelê is nie. Huidiglik is daar meer as twee miljard volgelinge van die Christendom, bestaande uit Rooms-Katolieke, Ortodokse, Protestantse, Anglikaanse en 'n wye verskeidenheid van ander kerke.

Die tragiese ontwikkeling in gevestigde Christendom

Natuurlik kan almal self besluit wie en wat hulle wil glo. Hier volg nou die verloop van die geskiedenis van die kerk, om net kortliks die tragiese ontwikkeling daarvan uit te wys.

In vroeë Christendom was die prediking skrifgerig. Die apostels, wie opdrag gekry het vanaf die HERE self, was onder die leiding van die Heilige Gees. Die eerste Christene was een van hart en siel. Die vroeë gemeente was nie 'n godsdienstige organisasie nie, maar 'n lewende organisme. God self het die apostels, profete, evangeliste, leraars en herders in Sy Gemeente geplaas (1Kor. 12; 1Kor. 14; Efe. 4; o.a.). Plaaslike gemeentes was gestig, met ouderlinge en diakens wat onafhanklik was en het geen politieke belangrikheid gehad nie. In die vinnig groeiende Christelike gemeentes, het die antieke Romeinse Ryk 'n bedreiging vir hul tradisionele godsdienste en sosiale orde gesien. Sedert Nero (64 n.C.) was vervolginge ingestel, wat toeneem het in die loop van die eerste eeue.

Na die laaste wrede vervolging van die Christene onder keiser Diocletianus (284-305 n.C.), het die Christendom in 313 deur keiser Konstantyn staats-erkenning ontvang. Daarmee het die afval van die ontluikende Christendom begin en sy aanpassing by die mags-belange van die Romeinse Ryk. Net 'n jaar vroeër het Konstantyn die "Pontifex Max-

imus", aangestel as die hoof van die staat en kerk. So ontstaan toe die "staatskerk" in die Romeinse Ryk.

In 380 n.C. was Keiser Theodosius I se Drie-eenheidsgeloof verklaar as die amptelike staatsgodsdienst. Nie net die talryke Christelike denominasies moes daaraan behoort nie, maar ook al die ander burgers van die Romeinse Ryk. "Geen redding buite die Kerk" was verkondig en: "Slegs diegene wat die kerk as moeder het, kan God as Vader het". Wat het hierdie politieke- en godsdienst-gemotiveerde ontstaan van 'n staatskerk met die Gemeente van Jesus Christus te doen? Niks nie, absoluut niks nie!

Die titel "Pontifex Maximus", wat die Hoogste priester in die antieke Romeinse afgodskultus aanvanklik gedra het, was eers oorgedra na die Romeinse keisers en later na die pous. Pous Leo die Grote (440–461 n.C.) was die eerste biskop van Rome wie homself hierdie titel gegee het. Die primaatskap van die pous en die oorheersing van die Rooms-Katolieke Kerk in die algemeen, is gebaseer op die veronderstelling dat Jesus die Gemeente gebou het op die apostel Petrus, aan wie Hy die sleutels van die koninkryk gegee het, en ook op die veronderstelling dat Petrus die eerste biskop van Rome en daarom die eerste pous was.

Hulle het hul beroep op die woorde van Jesus: "*op hierdie rots sal Ek my gemeente bou ...*". Maar daar is waarskynlik geen teoloog wat nie weet dat daar in Matthéüs 16:18 twee verskillende woorde gebruik word. Onse HERE het gesê: "*Jy is Petrus ...*" (Petros = 'n steen; 'n rots fragment). Hy het nie gesê: "*op jou sal Ek my gemeente bou*" nie, maar: "*...op hierdie rots ...*" (Petra = 'n groot rots) "*... sal Ek my gemeente bou*". Hoe kan dit net aangeneem word dat die Gemeente op Petrus gebou is?

Die Gemeente is op Christus gebou, die rots van heil, die hoeksteen, soos die apostel Petrus homself in 1Petrus 2: 4-8 getuig: "***Daarom staan dit ook in die Skrif: "Ky, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat Hom glo, sal nooit beskaam word nie***". Met verwysing na die bybelse gemeente, skryf Paulus in Efésiërs 2:20, dat hulle gebou is: "***... op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is ...***".

In opdrag van God, skryf hy ook: "*Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou! Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus*" (1Kor. 3: 10-11).

In die een ware Gemeente van God, wat bestaan uit die verlostes, is Jesus Christus die hoof (Efe. 4:15). Onse HERE en Verlosser het self gesê **dat Hy Sy gemeente self sal bou "... en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie"** (Matt. 16:18) – nie gemeentes nie, maar **"My gemeente"**. Daarmee word bedoel die *"klein kuddetjie"* van gelowiges wat werklik glo (Luk. 12:32); Sy skape is diegene wie net na Sy stem luister (Joh. 10), vir wie die Goeie Herder Sy lewe neergelê het.

Die apostel Simon Petrus was nooit in Rome nie – dit is 'n doelbewus verdigte legende. Daar was net 'n towenaar Simon Magus, wat 'n besondere indruk gemaak het op die senaat. Volgens Handeling 18 het Keiser Claudius (41-54 n.C.), al die Jode Rome belet, insluitend die egpaar Aquila en Priscilla. Die apostel Petrus het nie sy brief uit Rome nie, maar uit die stad Babilon geskryf by die Eufraat rivier (1Pet. 5:13), waarvan die ruïnes 92 km suid van Bagdad selfs vandag nog in Irak lê. Die sendingsreise van Petrus en die van Paulus word beskryf in Handeling. Paulus, wat 'n paar keer in Rome gebly het tydens sy reise – een keer selfs 2 jaar (28:30) – groet nêrens vir Petrus in sy briewe aan die plaaslike gelowiges nie, alhoewel hy 27 mense op hul name genoem het (Rom. 16).

Ook die woorde van Jesus: **"As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe ..."** is daarna heeltemal verkeerd vertolk. In die apostoliese tye het vergewing van sondes nie gebeur as 'n amptelike handeling volgens die diskresie van 'n priester nie, maar as 'n aanbieding deur die prediking van Jesus Christus, die Gekruisigde, wat as die Lam van God die sondes van die wêreld gedra het. Die Apostoliese opdrag van die Opgestane HERE is die volgende: **"... en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies"** (Luk. 24:47; Hand. 13:38).

Die eerste preek op die dag van Pinkster, ná die uitstorting van die Heilige Gees en met die stigting van die Nuwe Testament gemeente in Handeling 2, het baie luisteraars diep *"in die hart getref"*, sodat hulle die vraag gevra het: **"Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang". "Die wat toe sy woord met blydschap aangeneem het, is gedoop: en daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring"** (verse 37-41).

Petrus skryf aan die hand van die volbragte Verlossing: **"omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop**

is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos ..." (1Pet. 1: 18-19). Die apostels en alle ware dienaars van God het die Evangelie, naamlik die vergifnis van sonde en versoening met God gepreek en kon aan elkeen wat gelowig geword het, verklaar: "jou sondes is jou vergewe in Sy naam". Diegene wie nie glo nie, die behou hul sonde (Mk. 16:16; Joh. 20:23). Ongelukkig is God se Woord gereeld verkeerdlik ge-interpreteer en elke leerstelling en praktyk was verander. Alle interpretasies ontstaan uit misverstande van sekere geskrifte. Volgens die goddelike Heilsplan, moet elke onderwerp asook elke Bybelse lering in twee, drie of meer skriftelike getuies of skrifgedeeltes gegrond wees (2Kor. 13:1).

'n Onheilspellende Weg

Die kerkvaders wat uit die heidendom kom, was almal min of meer onder die invloed van Hellenistiese afgodery en bygeloof. Omdat hulle duidelik nie die Ou Testament geken en gerespekteer het nie, het hulle die Nuwe Testament geïnterpreteer volgens hulle begrip. Gevolglik het hulle die Jode, wat hul Drie-eenheids leerstelling nie aangeneem het nie, as Christus- en Godsmoordenaars vervolg en in die nuut-uitgevindde trinitariese formule "in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees" vervloek. Reeds in 321 n.C. was hulle deur 'n dekreet verbied om die Sabbat te beoefen wat God Homself hulle beveel het: ***"En die kinders van Israel moet die Sabbat onderhou deur die Sabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond. Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken; want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik"*** (Ex. 31: 12-18). Sommige van hulle sinagoges was selfs gebruik as varkhokke. In daardie tyd het die kerk Jodehaat gesaai, wat nog steeds tot vandag toe gebeur nadat dit ook uitgeoefen was in pogroms en in die sg. "Derde Ryk" (1933-1945) het dit 'n verskriklike klimaks in die Holocaust bereik.

"Vir die eer van die Heilige Drie-enigheid" is die grusaamste misdade gepleeg teen talle ander gelowe. In die sewe Kruistogte (1096-1270 n.C.) het miljoene mense gesterf in die naam van die "Drie-enige" God. Pous Urbanus II het op 27 November, 1095 gevra om die "ongelowiges" te verdryf uit Jerusalem en al die heilige plekke in besit te neem, en die mense het uitgeroep: "Deus lo vult!" – "God se wil!". Op Vrydag, 15 Julie, 1099 begin die groot slagting deur die kruisvaarders (die Crusaders), in

Jerusalem. Tot 80,000 Moslems, Jode, en andere is vermoor deur die Crusaders – en alles tot "die heerlikheid van die Vader, die Seun en die Heilige Gees"!

Die Crusaders het hoofsaaklik ten doel gehad om die Moslem oorheersing in Jerusalem te beëindig en die gesag van die Kerk daar te stel. Die voorwendsel was hul besorgdheid oor die sogenaamde "Kerk van die Heilige Graf" in die middel van die stad. Maar die leë graf van Christus was in werklikheid buite die stad; Die evangelis Johannes skryf: *"En daar was op die plek waar Hy gekruisig is, 'n tuin, en in die tuin 'n nuwe graf waar nog nooit iemand in neergelê was nie"* (Joh. 19: 17+41). In daardie tyd, was daar 'n nuwe, christelike wêreld-orde, "die koninkryk van Jerusalem", gevorm onder Gottfried von Bouillon.

In die onderstaande tabel kan ons sien hoeveel Kruisvaarders self hul lewens verloor het.

Kruistogte	Deelnemers	Deelnemers (aangekom in die Heilige Land)
1. Kruistog (1096/99)	330 000	40 000
2. Kruistog (1147/49)	240 000	90 000
3. Kruistog (1189/92)	350 000	280 000
4. Kruistog (1202/04)	30 000	—
5. Kruistog (1228/29)	70 000	60 000
6. Kruistog (1248/54)	25 000	10 000
7. Kruistog (1270)	25 000	10 000
Totaal	1 070 000	490 000

(Bron: Alfred Läßle, ILLUSTRIERTE GESCHICHTE DER KIRCHE)

Oor die aantal slagoffers wat gedood is tussen die 13de en 18de eeu, in die sogenaamde "Heilige Inkwisisie", is daar verskillende menings – daar was in elk geval baie duisende. Baie Jode het in Europa op die brandstapel gesterf, terwyl ander gevlug het; almal wat nie wou draai na Katolisisme nie, het by 31 Julie 1492 Spanje verlaat. Na dit was Katolieke Spanje "vry van Jode" verklaar.

Die St Bartholomeüs-nag van 23-24 Augustus 1572 was die begin van 'n slagting van duisende Hugenote in Frankryk. As deel van die teen-reformasie van die 16de en 17de eeue, wat terugdateer na Ignatius van Loyola (1491-1556), verloor duisende Protestante hul huise met geweld en baie ook hul lewens. "Omdat daar...", was dit weer en weer gesê, "...buite die Kerk geen redding is nie". Kan 'n kerk wat gevlek is met soveel bloed,

ooit vertrou op Christus en die God van liefde? Na watter stad sou Openbaring 18:24 verwys: "... En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is"?

'n Noukeurige ondersoek sal bewys dat daar in die staatskerk, wat sy oorsprong in die vierde eeu in die Romeinse Ryk het, absoluut niks ooreenstem met God of God se Woord en met die vroeë Gemeente nie. Veral ná die skeuring tussen die Griekse oostelike en die Latynse westelike kerke (1054), blyk dit duidelik uit die daaruit-vloeiende Katolieke en Ortodokse kerke, dat albei hul eie tradisies ontwikkel het, sonder voldoening aan die Bybel en aan wat die apostels Petrus, Johannes, Jakobus, en Paulus verkondig het in opdrag van God. Die apostels het, byvoorbeeld, geen afgestorwenes salig of heilig verklaar nie. Die HERE self het Sy Boodskap, insluitend die nege saligsprekinge in die Bergpredikasie (Matt. 5), altyd net aan lewendes gerig: "*Maar julle oë is geklukkig, omdat hulle sien; en julle ore, omdat hulle hoor!*" (Matt. 13:16).

Om in verbinding te tree met die afgestorwenes word uitdruklik verbied in die Skrif (Lev. 19:31). Met die geboorte van Jesus Christus het Maria haar unieke taak vervul en word vir die laaste keer genoem in Handeling 1:14 saam met die 120 terwyl hulle gewag het vir die uitstorting van die Heilige Gees in Jerusalem. Vir die Gemeente van Jesus Christus is sy nie 'n bemiddelaar of advokaat nie, nog minder was daar in die vroeë Christendom 'n 'Wees gegroet Maria' gebed-opsegging. Die Heilige Skrif getuig net van die liggaamlike hemelvaart van die Verlosser (Luk. 24: 50-52; Hand. 1:11), nie van die hemelvaart van Maria nie.

Die Doop

Die feit bly staan: Waar geen goddelike openbaring is nie, is daar ook geen Bybelse oriëntasie nie; daar is net besprekinge en interpretasies. Dit geld vir alle Bybelse onderwerpe, ook vir die doop. Hoekom word die doop sedert die 4de eeu nie meer gedoen soos dit uitgeoefen was deur Petrus in Jerusalem (Hand. 2:38), deur Filippus in Samaria (Hand. 8:16) en Paulus in Efése (Hand. 19:5) nie? Die kerkvaders het nie verstaan nie, dat die heil van God lê in die Naam waarin gelowiges gedoop word (Hand. 4:11). Deur die valse begrip van God en van ons HERE was die doopbevel in Matthéüs 28:19 omskep in 'n trinitariese amptelike handeling wat absoluut niks te doen het met die oorspronklike betekenis nie, maar word nog steeds vandag beoefen.

Die Bybelse doop word deur die prediking van die Woord vooruit ge- gaan, waaruit die geloof kom (Hand. 2; Rom. 10: 16-17, o.a.). So het die HERE beveel in die Groot Opdrag: "**Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word ...**" (Mark. 16: 15-16). Wie hom laat doop, bevestig as 'n gelowig-gewordene, dat hy die vergifnis van sy sondes aanvaar.

Die kritieke kerkgeskiedenis dui daarop dat die **oorspronklike weergawe** van die 'Doopebevel' in Matthéüs 28:19 soos volg was: "**Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in My Naam (onto onomati mou) en leer hulle om alles te gehoorsaam wat Ek julle beveel het**". So is dit in die voetnoot van die 1973 uitgawe van die "Novum Testamentum Graece et Germanice" van Nestle–Aland, vasgelê. Die weergawe wat bekend is in al die kerke, oor die hele wêreld, nl.: "in die naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees" en wat ooral vir alle amptelike handeling gebruik word, kom uit geen oorspronklike manuskrip nie; geen kritieke bybel-kenner kan hierdie stelling bybels bevestig nie. Die Lutherse vertaling sê in die voetnoot by Matthéüs 28:19: "Die presiese woorde lees: <Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle **in die Naam** van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees>". Voordat ons kan gedoop word in die naam waarin God Homself aan ons bekend gemaak het as Vader in die Seun en deur die Heilige Gees, moet dit aan ons geopenbaar word. In die Elberfelder en in die Menge-vertaling sê dit ook: "**en doop hulle in die Naam ...!**" Dit is presies wat die apostels gedoen het. In die Bybel was die trinitariese formule nie 'n enkele keer gebruik nie. Ons vind dit ook bevestig in die "Interlinear Grieks-Duitse vertaling":

<p>οὐρανῶ καὶ ἐπὶ τῆς γῆς. 19 πορευθέντες οὖν μαθητεύσατε πάντα τὰ hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die</p> <p>ἔθνη, βαπτίζοντες αὐτοὺς εἰς τὸ ὄνομα τοῦ Πατρὸς, καὶ τοῦ Υἱοῦ, καὶ nasies, <u>en doop hulle in die Naam</u> van die Vader en die Seun en</p> <p>τοῦ Ἁγίου Πνεύματος; 20 διδάσκοντες αὐτοὺς τηρεῖν πάντα ὅσα die Heilige Gees, en leer <i>hulle</i> om alles te onderhou</p>
--

Petrus het in sy eerste preek met die ontstaan van die Nuwe Testamen- tiese Gemeente nie lang verduidelikings oor die doop gegee nie: Vir hom, wat die oorspronklike woorde van die lippe van die Meester ge- hoor het, was dit duidelik hoe die doop uitgevoer moes word. So het hy

dan opgetree ooreenkomstig die Groot Opdrag van die opgestane Verlosser en het almal beveel wat gelowig geword het **om gedoop te word in die Naam van die HERE Jesus Christus** (Hand. 2: 37-41).

By die volgende geleentheid verkondig hy weer vergifnis: *"Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur sy Naam ontvang"* (Hand. 10:43) en tegelyk ook die doop: *"Niemand kan tog die water weer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie?"* (vers 47). *"En hy het beveel dat hulle gedoop moet word in die Naam van die HERE"*. (vers 48). Na Paulus se preek was selfs die dissipels van Johannes die Doper wat in Jesus Christus geglo het, weer gedoop: *"En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die HERE Jesus. En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer"* (Hand. 19: 5-6). Die Apostels en almal in die vroeë Christendom het verstaan dat dit gegaan het om gedoop te word in die Naam waarin die heil van God lê.

Geloof, die waterdoop en die doping met die Heilige Gees behoort saam. In die waterdoop bely die gelowiges hul geloof aan God; in die Geesdoping erken God die wat gelowig geword het. *"Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne, en ons is almal van een Gees deurdronge"* (1Kor. 12:13).

Die internasionale kerkgeskiedenis getuig eenvormig dat mense in die vroeë Christendom tot die derde eeu net gedoop is in die naam van die HERE Jesus Christus, en met 'n enkele onderdompeling. Aan die gelowiges in Rome, het die apostel geskryf: *"Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in Sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood* (dit wil sê deur onderdompeling {baptismo}), *sodat ons soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel"* (Rom. 6: 3-4) *"... omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop"* (Kol. 2:12).

"En hy het beveel dat die wa moes stilhou; en hulle het altwee in die water afgeklim, Fillipus en die hof-dienaar; en hy het hom gedoop" (Hand. 8:38). Ook Johannes die Doper het in (nie op) die Jordaan gedoop: *"En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en met eens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien die Gees van God soos 'n duif neerdaal en op Hom kom"* (Matt. 3:16).

In die jaar 337 n.C. was keiser Konstantyn, wie in die paleis te Ankyron op sy sterfbed gelê het, drie keer op sy voorkop gesprinkel deur Biskop Eusebius, in toepassing van die trinitariese formule. Was dit 'n doop? Klaarblyklik sou Konstantyn soos Christus word, alhoewel hy tot sy einde die songod Sol aanbid het. Die trinitariese doop formule is bygevoeg deur die geestelik blinde kerkvaders in die tyd van die oorsprong van die Drie-eenheidsleer. Die toevoeging van die trinitariese doop by die Drie-eenheidsleer uitvinding, het hulle goed gepas, om dit geloofwaardig te maak. Dit behels die "Romeinse doop belydenis".

As die kerkvaders in die 3de en 4de eeue en al die teoloë daarna, die doopbevel uitgevoer het soos Petrus op Pinksterdag (Hand. 2) en Paul daarna (Hand. 19:5), sou daar geen verwarring daaroor gewees het nie. Maar nie een van die kerkvaders kan verslag doen van 'n bekering, uit 'n werklike ervaring van redding, of van 'n ware Goddelike roeping nie.

Die Drie-eenheidsleer van drie ewige persone word nêrens in die Bybel gevind nie, nog minder die trinitariese doop formule. Daar is nie 'n enkele daad, wat uitgevoer was met die gebruik van die formule "in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees" – nie 'n enkele een nie! Elke gebed, altans alles, was gedoen in die Naam van die **HERE** Jesus Christus, want dit was die bevel wat in Kolossense 3:17 aan die ware gelowiges gegee was: ***"En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die HERE Jesus ..."***

Die trinitariese formule word gebruik in al die kerke vir alle godsdienstige handeling, selfs vir sosiale ordes en losies, selfs in vergaderings van spiritiste en dwarsdeur die okkulte. Omdat dit nie bybels is nie, kan dit net onbybels is, sonder 'n goddelike oorsprong. Dit is dus verkeerd en uit misleidende inspirasie. Daaroor moet almal nadink, ook die charismate, wat in die naam van "Jesus Christus" bid vir die siekes, maar heftig weier om gedoop te word in die Naam van die **HERE** Jesus Christus.

Maar daar moet ook valse christusse en valse profete opstaan, sodat vervul sou word wat die **HERE** voorspel het: *"Baie sal in daardie dag vir My sê: HERE, HERE, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!"* (Matt. 7: 22-23).

Wie kan dit begryp dat daar in die hele Christendom onduidelikheid heers oor die fundamentele leerstellinge oor die Godheid, die doop en

die nagmaal, hoewel alles tog so duidelik is in die Bybel? Dit alles net omdat die mense nie in die leer van Christus en die apostels gebly het nie. Die openbaring, soos gegee aan die apostels, het jammerlik reeds in die vroeë Christelike eeue verlore gegaan toe vreemde politieke en godsdienstige idees deur die kerkvaders die Christendom ingelei was.

Die bekende Switserse teoloog Hans Küng het in sy boek DIE CHRIS-TENDOM, met sy meer as 'n duisend bladsye, ook hierdie belangrike saak behandel. Op bladsy 126, vra hy: **"Waar in die Nuwe Testament praat dit van 'n Drie-eenheid?"** En onmiddellik daarna skryf hy: "Daar is geen Drie-eenheidsleer in die Nuwe Testament". Dit praat ook van die 'Comma Johaneum': "Daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een" en verklaar: **"Maar kritieke historiese navorsing het hierdie stelling ontmasker as 'n vervalsing wat sy oorsprong in Noord-Afrika of in Spanje gehad het in die derde of vierde eeu, en die Romeinse Inkwisisie het tevergeefs probeer om, tot met die begin van hierdie eeu, hierdie stelling te verdedig as outentiek. In gewone taal beteken dit eenvoudig dit: Alhoewel daar in Joodse Christendom, inderdaad in die hele Nuwe Testament, 'n geloof in God die Vader, in Jesus, die Seun en in die Heilige Gees van God is, is daar egter geen lering van 'n God in drie persone (bestaansvorme), geen onderrig van 'n 'Drie-enige God', of van 'n 'Drie-eenheid' nie"** (bladsye 126-127).

Die Nagmaal

Selfs met die viering van die nagmaal het heidense idees ingevloei. Dit is dus geen wonder nie dat reeds voor, tydens en selfs na die Reformasie, teologiese uiteenlopende menings daaroor bestaan.

Om die oorspronklike betekenis van die nagmaal te verstaan, moet ons die betrokke Skrifgedeeltes nalees. Die vroeë Christene het die nagmaal eenvoudig "brood-breking" genoem, waarvoor hulle in huise saamgekom het (Hand. 2: 42-47; Hand. 20:7). Dit was tydens die viering van die Pasga maaltyd, toe onse HERE die nagmaal ingestel het (Joh. 13; Matt. 26; Mk. 14). Toe die HERE God die instruksies vir die eerste pasga viering gegee het in Exodus 12, het Hy Israel vir die eerste keer as 'n "gemeente" (Ekklesia = uitgeroepenes) aangespreek. Eers moes hulle 'n lam as 'n offer slag en die bloed moes hulle, ter beskerming, op hul deurposte en aan die bodrumpel aanwend: **"Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle**

verbygaan" (Ex. 12:13). Die vleis van die lam was na voorbereiding saam met ongesuurde brood geëet. Paulus verwys daarna toe hy skryf: **"Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees – want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus"** (1Kor. 5:7).

In Johannes 6, vind ons die besondere gelykenis waar die HERE die simbool van die brood op homself gebruik: **"Ek is die brood van die lewe ... Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het"** (Eerstens is Hy die brood, dan gee Hy dit) **"As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is My vlees, wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee". "As julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en Sy bloed nie drink nie, het julle geen lewe in julleself nie ...". "Wie hierdie brood eet, sal tot in ewigheid lewe!"**

In Matthéüs 26, vra die dissipels: **"Waar wil U hê moet ons vir U klaarmaak om die pasga te eet?"** (Verse 17-19). **"En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan Sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is My liggaam"** (Vers 26). Dit word gevolg deur vers 27: **"Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit"** Eers dán sê hy: **"Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes"** (Sien ook Markus 14: 24-25). Die brood word geëet en die wyn word gedrink. Met verwysing na die wyn in die beker, sê ons Verlosser: **"Ek sal van nou af nooit meer van hierdie vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van my Vader"** (Matt. 26:29)

Die Verlosser het Sy bloed gegiet en daardeur aan ons die vergifnis van ons sondes en versoening met God geskenk. **Die brood en wyn kan en hoef nie verander te word nie; Christus kan en hoef nie keer op keer opgeoffer te word nie; Hy het dit eens en vir altyd gedoen.** Volgens die goddelike heilsplan het Hy **"... met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring"** in ooreenstemming met die goddelike verlossingsplan (Hebr. 9:12). Amen.

Die hoofgedagte staan in Levitikus 17:11: **"Want die siel van die vlees is in die bloed!"** In die bloed van die Verlosser was daar goddelike, ewige lewe. En in almal wat deur die bloed van die Seun van God verlos is en uit Woord en Gees wedergebore is (Joh. 3:3; Jak. 1:18; 1Pet. 1:23), is dieselfde ewige lewe, wat in die Seun van God was (1Joh. 5: 11-13). Paulus maak dit verstaanbaar vir almal toe hy skryf: **"Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van**

Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood" (1Kor. 10: 16-17).

Verder skryf die apostel: "**... Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die HERE totdat Hy kom. Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die HERE ...**" (1Kor. 11: 26-27). Die nagmaal is die hoogtepunt in 'n erediens. Almal ondersoek hulself voor God en vra biddend om vergifnis. Met toewyding en eerbied word die nagmaal gevier ter gedagtenis aan die opoffering van Sy liggaam as 'n slagoffer en Sy heilige bloed wat hy vir ons gestort het. Die ongesuurde-gebakte brood word dan geseën voor die gemeente in gebed, gebreek en uitgedeel; die beker wyn word ook geseën met gebed voor almal en dan bedien. Dit was so beoefen deur die eerste Christene, en so is dit nagelaat aan die Nuwe Testamentiese Gemeente.

Terug na die Woord – Terug na die Begin

"... Die woord van die HERE bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is" (1Pet. 1:25). Na eeue waarin die staatskerk die wêreldse swaard en geestelike mag oor individue en hele volke uitgeoefen het, het 'n geestelike vernuwing gekom en 'n besinning in die laat middeleeue jeens die Bybel.

In alle herlewings voor en na die Reformasie, het diegene wat bybels geglo het, die staatskerk verlaat en is daardeur vervolg. John Wycliffe (1321-1384), wat die Vulgaat in Engels vertaal het, het die belangrikheid van die Woord van God erken en het openlik bely: "**Vir my kan slegs dit van toepassing wees wat die Bybel sê**". Hy verwerp die pousdom en word 30 jaar na sy dood as 'n ketter verklaar. Selfs Jan Hus (1370-1415) het uit die Bybel gepreek nadat hy verligting ontvang het, en het beslissend teen die universele aanspraak van die pous gegaan. Vir hom was die Bybel die enigste gesag in sake van geloof. Hy skryf in sy kommentaar op Johannes 8: 31-32: "**Vra na die waarheid, luister na die waarheid, leer die waarheid, wees lief vir die waarheid, praat die waarheid, bewaar die waarheid en verdedig die waarheid tot die dood toe**". Op 6 Julie 1415 het hy, nadat die doodsvonnissen deur die kerkraad van Constance oor hom uitgespreek is, om vergifnis gebid vir

die vyande van die waarheid, terwyl hy, vasgebind op die brandstapel, in vlamme sy siel aan sy Verlosser, Jesus Christus opgedra het.

Martin Luther verwerp die pouslike aflate en verkondig bekering en regverdiging deur die geloof. Reeds in 1520 publiseer hy die geskrif DIE BABILONIESE BALLINGSKAP VAN DIE KERK en sit sy posisie uiteen dat nie 'n kerk sakrament nie, maar slegs die geloof in Jesus Christus tot saligheid lei. Vir hom geld ook: "Sola Scriptura" – Die Skrif alleen! Op die 'Diet of Worms'-dag het Martin Luther op April 18, 1521 aan die einde van sy toespraak die beroemde woorde gesê: **"Tensy ek oortuig is deur die getuienis van die Skrif of deur duidelike rede (want ek vertrou nie, hetsy in die pous of in rade alleen nie, aangesien dit bekend is dat hulle dikwels fouteer en hulself weerspreek), is ek gebind deur die Skrif wat ek aangehaal het en my gewete is geboei aan die Woord van God. Ek kan nie en sal niks herroep nie, want dit is nie veilig en nie reg om teen jou gewete te gaan nie. So help my God. Amen!"** Op die klimaks van sy geestelike stryd het hierdie hervormer homself gesien as God se spreekbuis teen die Pous en die Kerk.

In Switserland, was die segetog van die Reformasie in 1531 aangevoer deur Huldreich Zwingli in Zürich; Johannes Calvyn het sy deurbraak gemaak in 1536 in Genève. Hulle en vele ander het hul bydrae gemaak tot die "Protestantse" herlewing in Europa. Oral het gelowig-geworde mense versamel vir gebedsbyeenkomste en was deur die georganiseerde kerk "kettlers" genoem. Die klein gemeentes wat na vore gekom het, waaronder die Anabaptistiese beweging, is "sekte" genoem en vervolgd.

Maar die Reformasie kon nie gestop word nie, en die Skrif was dieper en duideliker geopenbaar en verkondig in die herlewings van die daaropvolgende eeue. Herlewings predikers soos Earl Zinzendorf vir die Morawiese Kerk, John Wesley vir die Metodiste, John Smith vir die Baptiste, Menno Simon vir die Mennoniete, William Booth vir die Heilsleër en vele ander het na vore getree. Al die predikers van die bybelse waarheid was dit eens oor die sg. plaasvervanger van Christus, wie aan homself alle gesag op aarde toegeëien het en homself verhef bo en aanbid word as God, wie Paulus die seun van die verderf noem (2Thes. 2). Hulle het beklemtoon dat God se Woord nie 'n "plaasvervanger van Christus" (Vicarius filii Dei) of 'n "opvolger van Petrus" ken nie. Hulle weet presies wat onse HERE in Mattheüs 23:9 gesê het: *"En julle moet niemand op aarde julle vader noem nie,"* – nog minder 'Heilige Vader' – **"want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is"**.

Iemand moet dit sê

Dit is bekend dat die godsdienste al die volke en lande in hul greep het: hier is dit die Christendom, daar is dit Islam, met Hindoeïsme of Boeddhisme elders. So word die suide van Europa, vanaf Italië tot Spanje en Portugal, deur Katolieke gedomineer, terwyl die noorde dws. Swede, Noorweë en Finland oorwegend Protestants is. As 'n mens kyk na Noord-Amerika, word die Verenigde State en Kanada beïnvloed deur Protestantisme en die lande van Suid- en Sentraal-Amerika word oorheers deur Katolisisme. In Indië is dit hoofsaaklik Hindoeïsme en regdeur die Midde-Ooste heers Islam, met Asië oorwegend onder Boeddhisme. Al die godsdienste saam het beloftes wat nie afkomstig is van God af nie en kan dus ook nie met Hom verbind word nie. Daarom moet dit duidelik gesê word: **Die heil van God is in geen godsdiens of kerk nie, maar slegs in Jesus Christus.** Alle menslike beloftes van die hemel en van die paradys het niks te doen met God nie. Daar is slegs Een – naamlik die Verlosser self – wat kan sê: ***"Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees"*** (Luk. 23:43).

Nie een van die sg. Christelike kerke, hetsy die Katolieke of die Ortodokse of die Anglikaanse of Lutherse of Calvinistiese of die Koptiese of enige ander, is die Gemeente wat deur Christus, die Verlosser, gestig is nie. Byvoorbeeld, die Pous is inderdaad die hoof van die Rooms-Katolieke Kerk en die Patriarg, die hoof van die Ortodokse Kerk, maar nie een is die hoof van die Gemeente van Christus nie. Die aartsbiskop van Kantelberg mag nou wel die geestelike leier van die Anglikaanse Kerk wees, maar hy ook is nie die hoof van die Gemeente van Jesus Christus nie. Dit geld vir alle Christelike denominasies, want almal het die "Nicea-Chalcedoniese Belydenis" met die Kerk van Rome in gemeen, ten spyte van hul verskille. Volgens Wikipedia is die eerste teologiese voorvereiste vir lidmaatskap van die Protestantse kerke in die "Wêreldraad van Kerke", die **"belydenis van geloof in die Drie-enige God, soos uitgedruk in die Bybel en in die Nicea-Konstantinopolitaanse Belydenis"**

Maar dit is nie die geloofsbelydenis van die Gemeente van die lewende God nie. Die Gemeente van Jesus Christus glo in die een God, soos die Bybel daarvan getuig. Dit bestaan ten alle tye uit die Bybelse gelowiges van alle nasies, volke, rasse en tale. Die HERE self het gesê: ***"My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie ..."***. Die Gemeente van die lewende God is nie 'n amptelik-erkende godsdiens nie, maar vorm die liggaam van die HERE, soos geskrywe is: ***"Maar julle is die liggaam van Christus, en lede afsonderlik"*** (1Kor. 12:27). **In die een ware Ge-**

meente van die verlostes, is Jesus Christus die Hoof (Efé 4:15) en die Bybel, as God se Woord, is die enigste gesag.

Ware Geloof

"Hy wat God nie glo nie het hom tot leuenaar gemaak" (1Joh. 5:10).

"Nee, stellig nie! Maar God moet waaragtig wees en elke mens leuenagtig, soos geskrywe is: sodat u geregverdig kan word in u woorde en oorwin as U gerig hou" (Rom. 3:4).

Van Abraham sê dit: **"Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken"** (Rom. 4:3; Gal. 3:6). Abraham is die beste voorbeeld van ware geloof: Ware geloof is slegs moontlik indien God, deur Sy Woord, persoonlik met elkeen kan praat. Ongeloof ontstaan wanneer jy die vyand toelaat om wat God sê in Sy Woord, te bevraagteken. Beide geloof sowel as ongelooft het reeds al in die paradys begin. Nadat die HERE God met Adam gepraat het, het Satan Eva gewikkel in 'n bespreking oor wat God gesê het. Satan neem altyd wat God gesê het, saai twyfel daaroor, voeg by, neem weg, verdraai en vertolk dit. Die gevolg was ongelooft wat gelei het tot ongehoorsaamheid en uiteindelik tot die sondeval. Satan het ook na ons Verlosser gekom met: "Daar staan geskrywe ...". Dit is die eintlike versoeking. As die Woord van God nie in twyfel getrek word nie, is daar geen versoeking nie, geen verleiding nie en is geen oortreding moontlik nie. Maar die HERE het vir hom gesê: **"Daar is óók geskrywe ..."** (Matt. 4: 1-11; Luk. 4: 1-13). Selfs met die teoloë kan die temas bybels wees, maar wat daaroor gesê word, kan die teenoorgestelde wees. As iemand 'n gedeelte uit die Bybel neem en dit in twyfel trek, dan is dit die vyand wat so 'n persoon in die versoeking en, gevolglik, tot 'n val bring. Ware kinders van God deursoek ook ander ooreenstemmende skrifte, om die onderwerp nog duideliker te belig.

Die Eerste en Tweede Koms van Christus Is Deel van God se Heilsplan

By die eerste koms van Christus was die profesie van Maleáigi 3: 1 vervul deur die bediening van Johannes die Doper: **"Kyk, Ek stuur my boodskapper ... wat u weg voor U uit sal regmaak"** (Matt. 11:10; Luk. 7:27). **Die belofte wat vervulling vind voor die wederkoms van Christus, is: "Kyk, Ek stuur julle die profeet Elía voordat die groot en vreeslike dag van die HERE aanbreek"** (Mal. 4:5). Dit was bevestig deur

ons HERE ná die bediening van Johannes die Doper: "**En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dis waar, Elia kom eers en sal alles herstel**" (Matt. 17:11). In Markus 9:12 word dit ook bevestig: "**Dis waar, Elia kom eers om alles te herstel**".

In baie bybelgedeeltes praat dit direk van die "**Wederkoms van Christus**". Van die begin af, is die verwagting van Sy terugkeer die sentrale tema onder al die gelowiges. Hierdie verwagting is gegrond op die belofte wat Hy Homself gegee het: "... **En as ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is**" (Joh. 14:3).

Die vraag van die dissipels na die tekens van Sy Wederkoms en die einde van die wêreld (Matt. 24:3), het die HERE met hierdie woorde geantwoord: "**En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom**" (vers 14). Nog nooit tevore was daar 'n tyd waarin die evangelie na die mees afgeleë plekke op aarde gegaan het, deur die moderne media, soos nou nie. Eintlik is die grondige rede vir die verkondiging van die evangelie sodat **die ware gelowiges vir die Wederkoms van Jesus Christus kan voorberei**: "... **En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die deur is gesluit**" (Matt. 25:10).

Die Wederkoms van Christus was ten tye van die apostels die hoof-tema van die evangelie en dit is ook so in ons tyd. In sy eerste brief aan die Thessalonicense skryf die apostel Paulus: "**Want wie anders as julle is ons hoop of blydschap of kroon van die roem in die teenwoordigheid van onse HERE Jesus Christus by Sy Wederkoms?**" (1Thes. 2:19). Die apostel Paulus kon sy getuienis voltooi met hierdie woorde: "**Verder is vir my weggeleë die kroon van die geregtigheid wat die HERE, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het**" (2Tim. 4:8).

Nou, so na aan die Wederkoms van Christus, moet almal wat deel uitmaak van die Gemeente van die HERE, na dieselfde saligheidservaringe teruggebring word, met die oorspronklike skriftuurlike stand voor God, net soos in die begin. So het die apostel Petrus reeds destyds voor spel met betrekking tot Christus en die gelowiges: "**Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al Sy heilige profete**" (Hand. 3:21). In die Gemeente van die lewende God, moet dit wees voor die Wederkoms van Christus, net soos aan die

begin; die eerste en laaste preek sowel as die eerste en die laaste doop, elke leer en praktyk, moet ooreenstem met die oorspronklike. Dieselfde Evangelie, dieselfde geloof, dieselfde doop, word nou wêreldwyd verkondig en almal wat waarlik glo "*volgens die Skrifte*", ervaar die vergifnis van hulle sondes en word gedoop en ontvang die doping van die Gees van Christus, net soos in die begin, in die Naam van die HERE Jesus Christus. **Dit is die enigste apostoliese, ware bybelse patroon, wat voor God van toepassing is op die ou einde (Hand. 2: 38-39; Hand. 8: 14-17; Hand. 10: 43-48; Hand. 19: 5-6).**

Dit moet nie misgekyk word nie

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het" (Joh. 13:20).

Soos God vir Abraham, Moses en die profete self geroep en gestuur het, so het Hy ook vir Johannes die Doper gestuur en so het Hy ook Paulus persoonlik beroep en belas met 'n spesiale heilsgeskiedkundige opdrag vir die hele Gemeente. Dieselfde God het belowe om, voor die dag van heil tot 'n einde kom en die dag van die HERE aanbreek, **'n profeet soos Elia te stuur** (Mal. 4: 5-6). Hierdie belofte vir die laaste gedeelte van die genadetyd waarin ons nou leef, voor die son in duisternis verander en die maan in bloed (Joël 3: 4; Hand. 2:20; Openb. 6:12), is nou in vervulling. Toe die Baptiste-prediker William M. Branham op 11 Junie 1933 sowat 300 nuwe bekeerlinge in die Ohio rivier gedoop het ná sy evangelisasie veldtog in Jeffersonville, Indiana, in die V.S.A., het iets besonders gebeur. Teen 14h00, toe hy op die punt was om die sewentiende persoon te doop, het daar 'n bonatuurlike lig gekom wat ook sigbaar was vir die duisende mense, wat op die rivier-oewer die doping bygewoon het. Die lig het 'n paar meter bo die man van God bly staan en 'n stem het in die Engelse taal daaruit gesê: **"Soos Johannes die Doper gestuur was as voorganger van die eerste koms van Christus, so sal die boodskap wat aan jou gegee is, die Wederkoms van Christus vooruit gaan"**. So het Associated Press in die Verenigde State en Kanada op daardie tydstip berig. Dit is alom bekend dat William Branham na die Tweede Wêreldoorlog, veral vanaf Mei 1946, gebruik was deur God om die globale genesings- en herlewingsbewegings te lei.

Deur die beproefde bediening van die man van God, William Branham, het die HERE self Sy volk terugbring na die bybelse waarheid oor die

Godheid, die doop, die nagmaal, en al die leringe. Die hele raadsplan van God en die suiwer bybelse boodskap oor die uitroeping, skeiding en voorbereiding van die ware gelowiges **vir die glorieryke dag van die Wederkoms van Christus**, word daardeur nou wêreldwyd verkondig (Joh. 14: 1-3; 2Kor. 6: 14-18; 1Thes. 4: 13-18).

Soos Elia met die 12 klippe volgens die 12 stamme van Israel, God se altaar herbou het en die volk van God op die berg Karmel tot besluitneming geroep het (1Kon. 18: 17-40), is dit nou, in hierdie baie belangrike deel van die heilsgeskiedenis met die leringe van die 12 apostels, wat opnuut op die kandelaar geplaas is. Die ware Gemeente van Jesus Christus is weer op die oorspronklike fondament van die apostels, **en die oproep word aan almal gemaak om te besluit: "Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die HERE God is, volg Hom na; maar as Baäl dit is, volg hom na!"** (1Kon. 18:21).

'n Laaste Waarskuwing

Vandag weet alle teoloë dat Johannes die Doper, 'n beloofde profeet was (Jes. 40:3, Mal. 3: 1), wie die weg vir die HERE voorberei het, maar verwerp was deur die skrifgeleerdes: **"Maar die Fariseërs en die wetgeleerdes het die raad van God aangaande hulle verwerp deur hulle nie deur hom te laat doop nie"** (Luk. 7:30). Het ons nou 'n herhaling daarvan? In Lukas 19 het die Verlosser selfs geween oor Jerusalem en gesê: **"... omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie"** (vers 44). Is daar nie vandag ook hulle wat weier om Bybels te glo nie, bybels gedoop te word en om deel van die heilsplan van God te wees nie? Dit is glad nie voldoende om vanuit godsdienstige tradisie te bid **"Onse Vader ... laat u koninkryk kom; laat u wil geskied"**, as 'n mens nie **die wil van God** doen nie, **wat slegs in die Woord van God geopenbaar word**.

Is dit dan nie 'n herhaling in ons tyd, van wat die HERE destyds gesê het nie: **"Wee julle, wetgeleerdes, want julle het die sleutel van die kennis weggeneem; self het julle nie ingegaan nie, en die wat wou ingaan, het julle verhinder"** (Luk. 11:52)? Bou elkeen nie hul eie ryk nie, hul eie kerk nie? Het almal nie hul eie programme nie? Wat van diegene wat uit die Reformasie is, selfs Pinksters, wat hul eie evangelie verkondig?

Die wêreldse kerke streef na godsdienstige eenheid van alle Christelike denominasies en uiteindelik alle gelowe onder die leiding van 'n hoof, 'n wêreld outoriteit, wie homself beroep op Johannes 17: **"... sodat hulle een**

kan wees!" Pous Francis het al die ander gelowe wat oor die jare vervolg was deur die Rooms-Katolieke Kerk, van die Waldense tot die Pinkters, om vergifnis gevra. Ja, die klem is nie meer op dit wat skei nie, maar slegs op dit wat verenig – soos die algemeen-gebruikte belydenis van die "Drie-enige God". Die vereniging van die kerke is 'n absolute prioriteit by die beplande 500-jaar herdenking van die Hervorming in 2017.

Wat van die vereniging van alle bybel-gelowiges met God deur Jesus Christus, onse HERE, as die hoof van die Gemeente? Wie van almal diegene wat verantwoordelik is in die baie Christelike sendingorganisasies, die wêreldbekende welvaarts-predikers en hul miljoene luisteraars, berei werklik voor vir die wederkoms van Christus? Die uitdaging vir almal is: Terug na God! Terug na die begin! Terug na die ewig-blywende Woord wat uitgegaan het vanaf Jerusalem! **Wie is aan die kant van God, om die Woord alleen te neem as 'n rigsnoer, sonder enige kompromie?**

Jesaja het uitgeroep: *"Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die HERE geopenbaar?"* (Jes. 53:1). Selfs Paulus het dit ervaar: *"Maar hulle was nie almal gehoorsaam aan die evangelie nie; want Jesaja het gesê: HERE, wie het ons prediking geglo?"* (Rom. 10:16). Wie kan glo soos die Skrif sê? Wie kan die Woord van God respekteer en hulself laat korregeer? Elkeen moet persoonlik besluit: om te hou by die totaal onskriftuurlike geloofbelydenisse, **of by die geldige en ware belydenis van die apostels en die profete**. Daar is geen nut om van een godsdiens na 'n ander, van een kerk na 'n ander te beweeg nie. Die Woord van God moet as saad in die hart opgeneem word (Luk. 8:11) en deur die Gees van God in elke mens 'n nuwe, ewige lewe deur die wedergeboorte voortbring (Joh. 3:7; 1Pet. 1:23). Dit is baie ernstig en ons moet die onderskeid tref van dit wat ons na die ewigheid gaan lei.

Almal wat genade vind by God, beproef alles om te kyk of dit met hulle is soos onse HERE gesê het: **"Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en in waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid"** (Joh. 4: 23-24). Wie God nie in Gees en in waarheid, volgens die Woord van die waarheid aanbid nie, aanbid God tevergeefs: **"Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af. Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is"** (Matt. 15: 8-9; Mk. 7: 6-7).

Ten slotte sal dit nog eenmaal beklemtoon word: Die ware geloofsbe-lydenis, die ware leringe is slegs in die Bybel, en ons moet onself ondersoek voor God, of ons Jesus Christus erken as Hoof van die Gemeente en bereid is om terug te keer na die leringe van die apostels wat uit Jerusalem kom, of vashou aan die staatskerk van die Romeinse Ryk. Laat ons God se Woord uitsluitlik geld of verhard ons onself in gods-dienstige tradisies? Die vermaning word aan ons almal gerig: **"Vandag as julle Sy stem hoor, verhard julle harte nie"** (Hebr. 4:7). **Wie ore het om te hoor, hulle hoor wat die Gees van God alles aan die Gemeente van Jesus Christus te sê het! Só staan dit sewe keer in die boek Openbaring** (hoofstukke 2 en 3).

Eindtyd Profesieë word Vervul

Ons almal let op dat alles op aarde verander het: die huwelik, die gesin en die samelewing is nie meer wat dit eens was nie. Aardverwarming en klimaatsverandering het 'n hoë bron van kommer geword. Natuurrampe is meer en heftiger. Wêreld-wye onrus laat mense vrees vir hul toekoms. Oral is daar toenemende knel-punte, veral in en naby die Midde-Ooste. Die hele wêreld is in 'n warboel en miljoene is op die vlug. Regerings is op soek na oplossings, maar is natuurlik oorweldig.

Onse HERE het in Matthéus 24, Markus 13, Lukas 21 en in ander plekke gepraat oor wat gaan gebeur voor Sy Wederkoms, en ons sien hoe dit besig is om vervul te word. Die hele eindtydse verwikkelinge, waarop ons nie nou hier kan ingaan nie, is voorspel in bybelse profesieë. Met 'n laaste boodskap, 'n laaste geroep, kry die mense op aarde nou die geleentheid om die regte besluit voor God te maak.

Die ewige evangelie word nou aan alle nasies verkondig as 'n getuienis, soos onse HERE dit aangekondig het: **"En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom"** (Matt. 24:14). Ons is nou eintlik baie naby aan die beloofde Wederkoms van Christus (Joh. 14: 1-3). Die tekens van die tye dui duidelik daarop dat almal wat regtig die Bybel glo, hul eie weë moet verlaat en die pad na God vind. Die HERE self het in Lukas 21 gesê: **"En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is"** (vers 28).

Ons kan nie hierdie daarlegging eindig sonder 'n laaste bybelse oproep aan alle godvresendes nie, wie God se Woord werklik glo:

"Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want water deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis?" (2Kor. 6:14)

"En watter ooreenstemming het Christus met Béliál, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige?" (vers 15)

"Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: "Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees." (vers 16)

"Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die HERE; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem" (vers 17)

"en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die HERE, die Almagtige." (vers 18)

"En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plaë ontvang nie." (Openb. 18:4)

"En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn, en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie." (1Joh. 2:28)

"Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar." (Openb. 22:7)

"Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie." (Luk. 21:33)

**As U Woord nie meer geldig is nie,
waarop sal my geloof rus? Vir my gaan dit
nie oor 'n duisend wêreld nie,
maar om U Woord te doen.
(N. L. Graf v. Zinzendorf)**

Hierdie boekie is direk vertaal uit die Duitse taal en word vrylik voorsien aan enigeen wie graag meer wil weet oor wat God gedoen het en nog steeds doen in ons tyd.

Ander beskikbare boekies sluit in:

**GOD EN SY PLAN MET DIE MENSDOM
DIE CHRISTENDOM, GISTER EN VANDAG
DIE DOOP, NAGMAAL EN VOETEWAS
DAAR IS GESKRYWE
'N PROFEET BESOEK SUID AFRIKA
'N MAN VAN GOD GESTUUR
DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS
DIE ANTICHRIS**

Dit is alles gratis bekombaar, en vele meer onderwerpe in Engels, deur middel van enige van die ondervermelde plaaslike kontakpunte. Van dit kan ook verkry word in Duits, Frans, Italiaans, Spaans, Russies en Roemeens, direk by:

Sendeling Ewald Frank
Posbus 100707
D-47707 Krefeld
Duitsland

Webwerf: <http://www.freie-volksmission.de>
E-pos: volksmission@gmx.de

Ons Plaaslike Kontakpunte: